WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 10/2019
19/10/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Mark Nel of the SAN

Andy Malan of the SAN advises with deep regret "… that Mark had tied up alongside the quay on 07/07/2019. He was 84 years old and had joined the SAN in 1956. After his retirement he started the '*Naval Officers of South Africa'* while his excellent monthly historical lectures in the Naval Officers Mess in Church Street were well attended. He was cremated, and in December his ashes will be strewn in Simonstown. Condolences may be sent to Stella Mari at 081 765 0540".

2. Afsterwe van Piet Streicher van Logistiek

Ed Ruziecki van Logistiek verwittig met leedwese ... dat Piet op 13/10/2019 op die ouderdom van 73 jaar by sy huis op Danabaai oorlede is. Piet was lank by die SA Leër Log Kmdmt verbonde en daarna by die Log Steun Formasie, vanwaar hy met pension gegaan het. Hy sal onthou word as 'n lojale soldaat wat vroeg op kantoor was en dan die Beeld van voor tot agter lees voor die dag se werk begin. Hy was 'n ywerige leser met geweldige kennis oor alledaagse sake. Maar net so was sy kennis van logistieke stelsels en aankope en sy gewilligheid om altyd met 'n glimlag te help. Piet se vrou, Febe, se selno is 082 570 3714.
RIV Oom Pieta, jy is 'n legende".

3. Danksê

In die vorige Nuusbrief is 14 ongevalle gerapporteer. Met hierdie uitgawe is daar 'slegs' twee. Prys die Heër!

4. Operasie vir Linda Koen : Eggenote van Buks Koen van die Infanterie

Buks verwittig "…dat Linda op 25/09/2019 'n opehartoperasie by die Melamen Hospitaal in Kaapstad ondergaan het. Linda is aanvanklik vir 'n galblaasoperasie opgeneem, maar daar is toe bepaal dat daar 'n probleem met 'n hartklep is. Linda is na Melemen Hospitaal verwys, waar die opehartoperasie uitgevoer is. Linda is nog baie seer, maar is reeds ontslaan. Ons waardeer al die goeie wense en gebede. My e-posadres is bukskoen@gmail.com".

5. Terugslag vir Boela Muller van die Infanterie

Boela se dogter, Ronel, verwittig dat Boela aan Dimensia ly en die kinders 'n versorger, Sarah, aangestel het om na hom om te sien. Boela se selno is 082 578 6230, wat Sarah antwoord en in helder oomblikke is hy in staat om 'n gesprek te voer. Boela se huisadres is Willow Estate 52, Bushstraat 380, The Willows in Pretoria. Ronel se selno is 082 889 1802.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

6. Huldeblyk aan Wyle Johan Landman: Voormalige RSM van 1 Valsk Bn.

Chris le Roux van die Parabats verklaar soos volg:

"AO1 Johan Landman was my RSM by 1 Valsk Bn vir vyf jaar. Ons aanstellings het gelyktydig geloop en het geduur van Jan 1984 tot Des 1988. Dit was 'n plesier om saam met

hom te werk en hy was lojaal, positief en vriendelik en het altyd 'n goeie beeld van die eenheid uitgedra. Die troepe, soos dit in daardie jare gebruiklik was, het groot ontsag vir hom gehad. Tot met sy afsterwe was hy aktief by 1 Valsk Bn se Veterane-organisasie betrokke, vir wie hy tot sy dood baie lief was. Ons eer sy nagedagtenis en verklaar ons innige simpatie met sy eggenote, Tharina en die gesin".



7. Leon (Doepie) du Plessis van die Infanterie

"Paul Els se boek, *Walvisbaai, ons was Daar*, was verantwoordelik vir my weersiens van Pieter van der Walt, Blackie Swart, Felix Hurter en Louis du Plessis, almal alma maters net so bietjie voor my tyd. Blackie Swart het as 'n kaptein vir my in 1967 as skoolkadet op Walvisbaai gewerf om by die Staandemag aan te sluit. En natuurlik ook vir s sers Likkewaan Steenkamp. Felix is nog net so streng soos altyd. Ag, maar dit was lekker. Almal is perdfris en dit was so lekker om met hulle te gesels. Paul Els se boek het omtrent herinneringe oopgekrap".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

8. Naamsverandering van Eenhede van die Reserwe Mag.

Daan Kemp van Leërinligting verklaar soos volg:

"Volgens die geskiedenis het daar soortgelyke veranderinge na die nuwe regerende party se oorname in 1948 plaasgevind, waarvan meestal oombliklik en onaangenaam vir baie lede was. Die hemel het egter toe ook nie geval nie.

Die meeste van ons het min of geen begrip van wat tans binne die Departement van Verdediging en die SANW aangaan nie, want ons is te lank uit. Wat ookal verder gaan gebeur, moet ons verwag dat dit anders gaan wees as waaraan ons gewoond was en ons moet voorberei vir die volgende verrassing.

Die nuwe name maak sin volgens die huidige voeding van die Deeltydse Mag, die rassamestelling van die eenhede en die geografiese-, kultuur- en taalverbintenisse. Dit is die werklikheid en dit is tyd om die werklikheid in die oë te kyk en te aanvaar. Die tydvak is ook reg om die veranderinge nou te implementeer. Ons is wat ons nou is en ons moet nie vasklou aan wat ons beslis nie meer is nie en ook nie weer gaan wees nie.

Ek is ook nie opgewonde oor die veranderinge nie en het nog heimwee oor die ontbinding van die konvensionele mag en die beste brigade in Afrika, naamlik 82 Meg Bde. Maar binne ons land en kultuur en die tydvak is dit die regte tyd om te verander. Daar is geen rede vir ontsteltenis nie, wanneer jy die trots van ons huige lede van die DTM in hulle eenhede sien".

9. Russian Navy Experiences Enemy Onslaught in the Arctic

A Russian Navy boat was attacked and sunk by a walrus in the Arctic. The Altai, a tugboat of the Russian Navy's Northern Fleet, sailed to the Franz Josef Land archipelago in the Arctic carrying researchers from the Russian Geographical Society. The scientists aboard the boat

had a rough run-in with a walrus when the boat was attacked and sunk. The Russian Geographical Society said the small boat sank, but its passengers were able to get to shore.

10. Action by Portugese Element of the UN Force in the Central African Republic (CAR)

The military author, Al J Venter, reported out of the CAR that "… a combat group consisting of 60 infantry fighting vehicles of the Portuguese Army's Rapid Reaction Force (RRF), supported by two armed helicopters that provided excellent top cover, executed a successful operation over 600 kms against insurgents between 23 and 30/09/2119. The RRF is attached to the UN Peacekeeping Unit in the CAR and put up a hell of a good show and it appears that they must have read the book by Roland de Vries on mobile warfare in an African environment! A description of the operation can be foun on the link at https://drive.google.com/file/d/1hpBDd6fqYh4YT_mGPczLKPmOJV1uE7N7/view. The photo shows soldiers mopping-up one of the terrorist bases".

11. Reaction by Chris du Toit of Special Forces on the Above Report

Al states that "… Chris went to work with the UN for many years, ending up in some senior positions. He ran their peacekeeping operations in several African trouble spots, the last in the Sudan. Chris retired a couple of years ago, returned home, got bored and signed up again. Now he runs around Mali, Chad, Somalia and elsewhere as a kind of UN Inspector General. I had sent Chris the report on the above successful mission and he responded as follows:

'I had spent 15 years with the UN in most of the high risk countries during three peace keeping missions. I have never seen UN forces initiate and actually successfully engage in combat. I am therefore most impressed by the Portuguese for undertaking this operation!"

Al concluded by saying that he had passed the remark by Chris on to Adm Ribeiro, the Portuguese Chief-of-Staff, and he is apparently delighted!

TOEKOMSTIGE OORLOë

12. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

13. Swak Mediese Bestuur

Neels van Tonder van Afd Inl verklaar dat "…. swak bestuur deur die SANW veroorsaak dat die SAGD 'n tekort aan fondse het om 'n effektiewe mediese stelsel te bedryf. Die effek daarvan is dat magtigings vir prosedures geweier word, wat plaaslike burgerlike mediese praktisyns indien. Die gevolg is dat ek en ander pensioenarisse wat prosedures benodig wat gespesialiseerde kennis vereis en nie naby 1 Mil Hosp of een van die ander groter militêre mediese fasiliteite woon nie, lang afstande moet aflê wat druk op ons finansiële situasie plaas".

EFFEK VAN DIE NASIONALE GESONDHEIDSTELSEL (NGS) OP DIE SMMVF

14. Agtergrond

In die vorige Nuusbrief het Gert van Niekerk van die Geskut navraag gedoen oor die effek, indien enige, van die NGS op die SMMVF.

15. Dr Lourens Smith : Retired Member of the SANMS.

Dr Smith addressed the following message to the SANMS:

"In the issue of Sep 2019 of the Weë van die Militêre Veterane a message was included in which …' *Gert van Niekerk of the Gunners asks the question whether there has been a discussion on the effect of the NHI on the RFMCF's already diluted benefits?* Can SG, the Medical Board or Acting Principal Officer perhaps put out a communiqué for clarity?"

16. Kommentaar oor ons Mediese Stelsel.

FW (Robbie) Robbertze van Logistiek verklaar soos volg:

"Tydens dr Jamuna van die SMMVF se onlangse aanbieding by LMB Langebaanweg het sy 'n goeie indruk op die gehoor gemaak. Daar is verduidelik dat sy met verskeie inisiatiewe die Fonds binne twee jaar gestabiliseer het, tot die punt waar die Trustees beplan om hierdie jaar R60 miljoen te belê. Ek is bekommerd dat ons haar dienste kan verloor wanneer die National Health Insurance Fund tot stand kom en het toe persoonlik aan H SANW geskryf en voorgestel dat hulle haar permanent aanstel.

Oor Gert se navraag wil ek die volgende uit Artikel 3 van die National Health Insurance (NHI) Bill of 2019 aanhaal, wat tans nog 'n wetsontwerp is:

3. (1) This Act applies to all health establishments, excluding military health services and establishments.

(2) This Act does not apply to members of (a) the National Defence Force; and (b) the State Security Agency.

Ek het 'n brief aan dr Jamuna van die SMMVF geskryf, waarvan ek 'n toepaslike deel soos volg aanhaal:

My concern is that the SANDF would open the doors of our strained SAMHS facilities to the general population, irrespective of the exemption in the NHI Bill of 2019 and I am concerned that this could lead to an amendment of the General Regulations. I had asked a policymaker whether the SANDF would be exempted from legislation as contained in the NHI Bill and his response was that the SANDF should act in the spirit of the law. This approach has in the past led to a focus on equal opportunities and affirmative action, with no consideration for the prerequisite scarce skills transfer, silently provided for by the applicable exemption.
Either the corporate memory of the spirit of the law, or the more recent spirit of ubuntu, might prevail"

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

17. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

18. Medaljes en Dekorasies.

In die vorige Nuusbrief het Pieter Joubert van Personeel die reëls rondom die dra van vreemde dekorasies en medaljes uiteengesit. Hieronder verduidelik hy die verloop wat tot die huidige stel eerbewyse aanleiding gegee het:

“In 1993/4 was ek intens met die integrasieproses, asook veral met die hersiening van range, kentekens en eerbewyse betrokke. Die nuwe H SANW, Genl Nyanda, wou aanvanklik hê dat alle lede van die SAW geen medaljes, behalwe die Unitas Medalje, dra nie, want MK en APLA het geen medaljes gehad nie. My oplossing was om ‘n stel vir hulle te ontwerp, amptelik in te stel en met ons s’n te integreer. Dit is die rede dat al die SAW medaljes tot vandag toe behoue gebly het. Ek het ‘n hersiene Nasionale Voorranglys opgestel en die Presidensie, Buro vir Heraldiek, SANW, SAPD en Korrektiewe Dienste het dit so aanvaar. Interessant genoeg het dit die Unie van Suid-Afrika se regering 16 jaar geneem om na die Anglo/Boere-Oorlog twee medaljes vir die Boere-krygers in te stel, naamlik die Dekoratie voor Trouwe Dienst en Boere-oorlog Medalje. Dit het egter vir my net twee jaar geneem om 16 medaljes in te stel en te laat vervaardig!”

19. Korrekte Benaming van die ABO

Bertus Steenkamp van Afd Inl is al lank met navorsing oor die ABO besig en is onder andere Raadslid van die ABO Monument in die Paarl en het in 2016 die gedenklesing oor die ABO by die Stellenbosch Woordfees gelewer. Bertus verklaar “… dat dit algemene gebruik is om na die vyand te verwys wanneer ‘n oorlog genoem word. Dit is dus verkeerd wanneer Suid-Afrikaners na die Boere-oorlog verwys en is die Anglo/Boere-Oorlog die korrekte benaming. As voorbeeld hiervan het van die vorige geslag die term ‘Engelse Oorlog’ en ook Tweede Vryheidsoorlog gebruik”.

20. Eerste Veldslag van die Anglo/Boere-Oorlog (ABO)

Bertus noem dat die ABO presies 100 jaar gelede begin het soos aangeteken in JH Breytenbach se boek, toe veldkornet JC Coetzee op 12/10/1899 die eerste skoot afgevuur het. Die kommando onder leiding van genl JH de la Rey het die spoorlyn by Kraaipan opgeblaas en die gepantserde trein uitgehaal wat hulp kom verleen het. Dit het later bekend geword as die Slag van Kraaipan. Kraaipan is geleë op die hoofspoorlyn tussen Mafeking en Vryburg. Later die oggend het die artillerie onder kapt van der Merwe meer skade aangerig en die Britse soldate tot oorgawe gedwing. Jaco Steenberg van die SAWV het die fotos verskaf, wat by die eerste veldslag geneem is en toon die burgers in hulle stelling en die ontspoorde gepantserde trein.



NUWE MILITêRE BOEKE

21. *Born to Storm* by Herman van Niekerk, HCS, of Special Forces

Bush War Books states that Herman has a MA in Business Administration and had started his own company which specialized in security related training and development in South Africa and various other countries in Africa. In Nov 2010 he joined Maritime Risk Solutions as Director of Operations and major shareholder. The company protects vessels at sea against attacks from pirates and other criminals.

The book is described as the way to use intrinsic privilege knowledge and contacts to uncannily sway the military system successfully into a new era of Airborne Artillery and to manipulate Army generals and top management to authorise a most challenging and risky military operation with immense strategic impact. Price is R395.



22. *Anderkant Cuito: 'n Reisverhaal van die Grensoorlog* deur LJ Bothma.

Bush War Books beskryf LJ Bothma se nuwe boek soos volg:

Anderkant Cuito is die verhaal van ‘n groep oudsoldate wat teruggaan na ou basisse en slagvelde in Namibië en Angola waar die Grensoorlog van 1966 tot 1989 gewoed het.
Hulle deel herinneringe, onthou makkers, ontlaai, reik uit na ou vyande, maak vriende langs die pad, reis deur die geskiedenis en soek na die waarheid. Hulle is die generasie wat die vuur wat in 1914 aangesteek en aan die gang gehou deur politici, ver buite die grense van Suid-Afrika moes gaan blus. Prys is R350.

PAUL ELS SE BOEKE

23. Boek oor die Militêre Basis in Walvisbaai en die Res van SWA

“Ek is besig om my boek oor Walvisbaai klaar te maak en gaan binnekort met ‘n boek oor die militêre eenhede Suid van die Rooilyn begin, waaroor daar nog niks geskryf is nie. Vir hierdie poging gaan ek informasie en fotos benodig oor alles wat Suid van Oshivelo gebeur het. Enige items wat ek ontvang sal ek later aan die Argief of Voortrekkermonument oorhandig, soos wat ek ook met die memorabilia van genl Charlie Lloyd gedoen het”.

24. Boek oor die Genie

Ek het met ‘n boek oor die Geniekorps begin en iemand het die taak by my oorgeneem. Tans is ek besig met ’n boek oor 5 MWE en vorder goed met die hulp van die makkers wat daar daar gedien het”.

WELSYNSWERK

25. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

26. Al Venter Was Back in the Bush. In the previous Newsletter it was noted that Al had arranged to be attached to the Portugese paratrooper unit in the Central African Republic, operating under the auspices of the UN. Al l now reports as follows:

“I have joined the Portugese strike force and we are headed north towards the Chad frontier to make contact with the insurgents. Security in the main base is handled by the French Army and they do not play games. We are located next to the operational air centre and there is an astonishing level of movement.

The first time I went into Bangui it involved a convoy of three armoured vehicles with eight bodyguards. I also have a personal bodyguard and I am not allowed to leave the vehicle until he has ensured that it is safe. We travel everywhere at great speed with flashing red, white and blue lights.

Unfortunately I had to come back early because I went down big time with fever, the runs, shakes and nausea. I. thought it was Ebola, but fortunately not and I had to return to Europe. I. later heard that I had a bit of good luck, as the Mi-24 helicopter that I was going to use was shot down. The photo shows one of the convoys leaving on patrol”.

27. Stortingsterrein in die Ou Begraafplaas in Voortrekkerhoogte

Paul Els rapporteer dat lede van die SA Legion ingegryp het om die rommel en ander vuilus bymekaar te skraap wat in die Ou Begraafplaas gestort is. Die foto toon drie hope na die aksie, maar nou moet dit weggery en borde opgesit word wat waarsku dat die begrafplaas

nie ’n stortingsterrein is nie. Ek sal vir die borde reël maar benodig hulp met die wegry van die rommel”.

28. Newsletter of the Naval Officers’ Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Oct 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

29. *Military Despatches*

Robbie Roberts of the Signals Association states that “... the issue for Oct 2019, produced by Matt Tennyson of Signals, is now available. I am amazed by what Matt manages to achieve each month in producing this well circulated and widely read interesting magazine, which is available on the Net under the above name.

An interesting article deals with the ten times that the USA has managed to lose or accidentally drop a nuclear device. This is known as ‘Broken Arrow, and I do not know what is scarier, losing nuclear weapons, or that it happens so often there is actually a term for it”.

32. How WW2 Triggered the Death of Cash.

The following article, which has been shortened, appeared in the British newspaper, The Telegraph, on 10/110/2019:

On 06/09/1939, just three days after the declaration of war, a squadron of Hurricanes was scrambled in Essex. Soon after, two reserves followed, but somehow, once aloft, this pair was mistakenly identified as enemy aircraft. Spitfires took off from Hornchurch and shot them down. One pilot, Montague Hulton-Harrop, died, becoming the first British fighter pilot to lose his life in WW2, killed by friendly fire. This incident intensified a secret project to develop a refinement that would allow radar operators to sort the anonymous dots on their screens into friendly and enemy craft. This was built into Allied aircraft which broadcast a

certain signal back, proclaiming it friendly. It became known as Radio Frequency Identification (RFID).

Exactly 80 years on, this has led to another victim, namely Cash. RFID is the technology inside contactless debit cards, now slim enough to fit into a sliver of plastic. It still does the same job, identifying the bearer via radio waves. And contactless is the technology which saw cash dethroned as our payment method of choice. A decade ago, cash accounted for six in 10 payments. Today, just over a quarter. A decade from now, that will fall to a tenth.

33. Life After a Military Career.

Johan Jooste of the Infantry is serving as Head of Special Projects of SANParks and offers the following advice on how to stay employed:

Take the pips off your pyjamas and accept that you will be assessed and judged on current input and not any rank you held. You will have do everything from strategy to routine administration.

Maintain and expand your networks and this is hardly possible without some form of participation on at least one social media network.

Do not underestimate the thorough background and skills the military afforded us through formal training, role models and experience. The principles of war remain a good compass even in the corporate world and the world remains hungry for leadership like we were taught to display.

Be and remain computer skilled on all the relevant and mainstream programs. Otherwise one is almost illiterate in today's labour market.

Be prepared to forge and maintain relationships in a more diverse environment than ever foreseen. Apart from culture and background, millennials are exciting colleagues to have, but challenging to lead.

As in the military, respect has to be earned".

SO-CALLED HEROIC SABOTAGE INCIDENT AT THE CASTLE IN CAPE TOWN

44. Description. In the link at https://www.news24.com/Books/going-underground-with-the-ashley-kriel-mk-detachment-20190929 the so-called story is told of the explosion of a Limpet mine in the Castle, which served as a tourist attraction and as HQ WP Comd in Aug 1988. The heroic adventure is described as follows, but take it with a pinch of salt:

"Shirley Gunn, the commander of the Ashley Kriel Detachment of MK, strolled casually into the Castle of Good Hope in the heart of Cape Town, carrying a limpet mine in a custard box. At the time, the castle was the headquarters of the WP Military Command from where the SADF fought MK rebels. As a white woman, it was easy for her to get around undetected. After taking the bus from Clifton (van alle plekke) where members of the detachment were staying in a flat, she first walked a turn past the Adderley Street flower sellers to make sure she was not being followed. With a bunch of flowers, she bought as an extra disguise, Gunn walked straight into the castle without a soldier batting an eye. There, she had a cup of tea while waiting for a group of construction workers to leave before she planted the mine in a strategic spot and left. Back at the flat in Clifton they waited for the news. A massive blast had rocked the castle. No one was injured but the Army was shocked and embarrassed at the manner in which their military base had been infiltrated". Nota. Ashley Kriel het in Jul 1987 gegroet na 'n ontmoeting met die VMe in die Kaap.

45. Paul Els

“Kan een van die lede van die SAW wat toe in die Kasteel gestasioneer dalk hierdie voorval onthou wat hierdie week in die koerante beskryf was?. Dit moes seker net 'n simboliese daad gewees het, maar die 1988 kalender op Wikipedia toon nie die voorval nie”.

46. AP Stemmet van die Kavallerie

“Ek was in 1988 die Hoofkoördineerder by die SSVR en het insae in alle voorvalle en daaglikse Sitrappe gehad. Ek twyfel of daar so ‘n insident was en dit sou onmoontlik gewees het om dit geheim te hou. Daardie tyd was my regiment se HK, asook HK 71 Bde ook in die Kasteel en ek sou sekerlik by hulle daarvan gehoor het”.

47. Tinus (AK) de Jager van die Infanterie : Destydse Bev Kmdmt WP

“Ek kan nie so ‘n voorval onthou nie, terwyl ek ‘n insident van hierdie omvang beslis nie sou vergeet het nie. Ek het by van my staflede navraag gedoen, maar hulle weet ook nie daarvan nie”.

48. Johan du Preez van die Genie en Destydse SSO Inl by HK Kmdmt WP

“Die berig maak die bewering dat ‘… *their military base had been infiltrated’*. Die Kasteel was nog altyd ‘n nasionale monument, openbare plek en toeriste-aantreklikheid en toeriste het vrye toegang tot groot dele van die Kasteel gehad. Dit was nie nodig om te infiltreer nie, tensy kameraad Gunn by die toeriste-ingang deurgeglip het sonder om die toegangsfooi te betaal en dit as infiltrasie beskou het.

Daar was wel eendag ‘n ligte ontploffing in vermoedelik die poort wat die voorste gedeelte van die Kasteel van die agterste deel skei en wat as ‘n openbare deurgang deur die toeriste gebruik is. Ek het ‘n paar soldate daar aangetref, maar daar was geen skade of die kenmerkende reuk van springstof nie. Aan die een kant van die poort is daar ‘n waterput waaruit vars water vroeër jare verkry is en ons het bespiegel dat iemand dalk ‘n donderbuis of ‘n groot klapper in die put gegooi het. Daar is nie ‘n ondersoek gedoen nie, aangesien dit as ‘n onbenulligheid beskou is.

Indien Me Gunn wel vir hierdie heroïese aanslag verantwoordelik is, is dit insiggewend dat sy nie ‘n militêre teiken soos die militêre kantore in die Kasteel of die nabygeleë menasie gekies het nie, maar wel op die maklike openbare deurgang wat deur die publiek en toeriste gebruik was. Hierdie is maar net nog een van die baie voorbeelde waar MK verkies het om terreur teen sagte teikens te voer”.

49. Genl Johan van der Merwe : Voormalige Kommissaris van die Polisie

“Hierdie berig is sonder twyfel ‘n klomp snert. Desnieteenstaande, is dit opvallend hoe stompsinnig die berig is, want indien dit wel waar sou wees, kan Shirley Gunn weens klagte van poging tot moord vervolg word. Poging tot moord, soos in die geval van moord, verjaar nie na 20 jaar nie. Shirley Gunn het ook nooit vir die beweerde voorval amnestie gevra nie en indien daar enige waarheid in die berig steek, sal die SANPD verplig wees om ‘n saak van poging tot moord teen haar te ondersoek”.

50. Ter Afsluiting : Verslag deur Ray Farrel van die Genie

“Op die webblad by www.sahistory.org.za/article/list-umkonto-wesizwe-operations word verklaar dat ‘n “… mini-limpet exploded in the Castle grounds on 19 Aug 1988 – no details”. ‘n Limpetmyn is ‘n militêre ploftoestel met springstofinhoud van 2kg en is ontwerp om onder die water ‘n groterige gat aan ‘n skip se romp te veroorsaak. ‘n Mini limpetmyn ken ek nie as ‘n krygsbehoefde-item nie.

Indien dit in hierdie geval ‘n werklike limpetmyn was, sou daar bepaald skade gewees het, want hoe dieper die limpet onder die water van die put was, hoe meer sou die waterhoogte

bo die limpet die detonasie getampeer met ‘n gevolglike eksponensiële verhoging in effek. Dit sou egter beperk word tot skade aan die put en ‘n geweldige ‘water spout’ na bo met relatief min brisantskade aan die omgewing. Indien dit egter op die grond geplaas was, sou die brisanteffek geweldig gewees het met ernstige skade aan die omgewing. Die detonering sou veral skade aan glas en beserings aan enige personeel binne 50 meter veroorsaak het. Die limpet sou egter ook ‘n omhulsel en ander fragmentvormende materiaal bevat het, met skrapnel wat bepaald tot dood of ernstige beserings sou gelei het.

My persoonlike mening is dat ‘n kleinere plofstof met tuisgemaakte middels soos ‘n donderbuismengsel of ‘n springstofitem aangewend was”.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

31. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

32. Newsletter of the SA Military Intelligence Veterans’ Association (SAMIVA)

Charles Laubscher, a former Sergeant-Major of the SA Army, is the Chairman of SAMIVA and advises that the Newsletter, known as Scout, for Oct 2019 is now available. Copies can be requested from the compiler, Mike Huxtable at his e-mail address at samiva.sec@gmail.com.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

33. Peril Looms for State Pension Fund. This shortened article by Chris Barron appeared in the media, giving prominence to the role of AMAGP:

Prescribed assets should be fought tooth and nail, says Adamus Stemmet, spokesperson for AMAGP as such a policy would threaten the sustainability of the R1.8 trillion of the GEPF. "In effect you're forcing pension funds to lend money to bankrupt state entities and to pretend they would be investing this money is laughable and disingenuous. How can you invest in an absolutely bankrupt entity like Eskom?” He rejects the argument that it would be better than resorting to the International Monetary Fund (IMF) or allowing Eskom to collapse. Unless the government changes its economic policy, Eskom will collapse anyway, he says.
The IMF will bring its own rules and regulations that might offer protection for the GEPF.
Stemmet says the government's attitude to pension fund money can be gauged from a 1983 ANC document that pointed out ‘… that pension funds and insurance companies had collected billions over the years, which will be at our disposal’.

"The ANC government is making the basic mistake of referring to this as public money. It is not public money; it belongs to the members of the pension fund, not to the government"
As for whether the government will risk using the GEPF as a piggybank, it has already started, he says. "There is R94.5bn of GEPF money in Eskom already. And Denel, SABC, you name it. They've done it already. And it's illegal, of course. According to Section 3 of the GEPF Act, the money must be invested in the interests of the fund, not to keep a bankrupt government going". The following photo of AP appeared in the article:

34. AMAGP se Mediastrategie

AP Stemmet verklaar dat "... ons gereed moet wees vir 'n groot mediapoging voordat en sodra die Mpati-kommissie se verslag bekendgemaak word. Die doel sal nie wees om die kommissie se verslag vooruit te loop nie maar om voorbereid te wees om daarop te reageer. Ons kan verwag dat daar groot nasionale en internasionale belangstelling sal wees en dat medianavrae sal instroom waarvoor ons gereed moet wees. Die media sal goed gerat wees om die inhoud van die verslag te hanteer en sal ook navrae 'n AMAGP rig. Ons moet voorkom dat die GEPF en politici die inisiatief voor ons kry".

35. Pay Bonanza for Top Executives Linked to Corruption Allegations at the PIC

* In a report on Business Maverick, it was stated that the inquiry, chaired by retired Judge Lex Mpati, had heard that the former CEO, Dan Matjila and suspended acting CEO (and long-time CFO) Matshepo More, saw their salaries increase by 40% and 77% respectively during the PIC's last financial year. The pair have been placed at the centre of governance scandals at the PIC inquiry.

* In 'n verslag van die media-huis, Netwerk 24, word gemeld dat Matjila in 2018 'n totale pakket van R15,758 miljoen verdien het, terwyl sy mede-skelm, Matshepo More, totale vergoeding van R12,240 miljoen ontvang het. Die verslag verwys na Adamus Stemmet, wat namens AMAGP sy skok oor die OBK se roekelose en korrupte transaksies en misbruik van die Pensionarisse se fondse uitgespreek het.

36. Statements by AP Stemmet on Behalf of AMAGP Regarding the PIC

* Recent media reports about massive pay increases of up to 40% for Public Investment Corporation (PIC) executives who have featured prominently in testimony about governance failures before the Mpati commission, is a matter of grave concern to pensioners who are dependent on the GEPF.

* AMAGP welcomes the raid on Wednesday of the offices of Dr Iqbal Survé. This seems to indicate that the R4.3 billion investment in AYO Technology Solutions by the PIC, which has lost the PIC - and thus civil service pensioners - billions of rands, was potentially corrupt.

37. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

38. Waar is Henk Coetzee van Leërinligting?

As Kleynhans van die Lugafweer wil graag met Henk kontak maak. Henk was een van Herman du Plessis se staatmakers by HK Sektor 10 gewees. As se e-posadres is askleynhans@telkomsa.net.

39. Waar is Piet Booysen van die Infanterie?

Willem Pretorius van die Infanterie noem "… dat Piet in 1980 'n majoor by 7 SAI Bn was, maar het klaarblyklik bedank en in Secunda gaan werk. Hy het naby genl Constand Viljoen se plaas op Ohrigstad grootgeword. My selno is 078 109 6348".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

36. SAWV se Maandelikse Ontbyt in Pretoria

Die ontbyt vind by Chatterkt's in Valhalla plaas en Arlene Bronkhorst rapporteer dat

"...die volgende ontbyt vanaf 09:00 op 101/10/2019 is en bywoning moet vroegtydig op my e-posadres by sawv@milvets.co.za bespreek word. Bring jou familie en vriende en kom deel weer in ons heerlike buffet ontbyt met onbeperkte koffie/tee. Kom geniet weer die heerlike samesyn".

37. Infanteriste is Plesierig : Formele Gaste-aand

Geoff Holland-Muter van die SA Infanterie-vereniging (SAIV) verklaar dat die Formele Gaste-aand die afgelope twee jaar so gewild was dat die SAIV hierdie jaar twee sulke geleenthede gehou het. Die Infanterie se Somer Formele Gaste-aand was op 19/10/2019 by die Bronberg Landgoed en was deur almal geniet. Kontak my asseblief 076 637 9355 of by geoff@bexlosa.com vir toekomstige geleenthede. Lede van ander weermagsdele en korpse, asook burgerlikes is baie welkom om by te woon. Kom ons kuier formeel soos in die verlede.

Dit was toe lekker en is nou nog lekkerder. Kom beleef hoe die Infanterie besig is om die ou tradisies en gebruike weer op die voorgrond te plaas.

ADMINISTRASIE

38. NTR.

NETWORKING

39. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

40. Hope for the Sinners

In Deon Meyer's book, 13 Ure, Arch Desmond Bishop Tutu (just call me Arch) is said to have stated that '... God has a soft spot for Sinners and that his standards are quite low'.

SLOT

41. And on that tender note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

42. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.